# Government Gazette

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Vol. 641 | Cape Town Kaapstad | 27 November 2018 | **No. 42061**


## THE PRESIDENCY

No. 1304 27 November 2018

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

**Act No. 8 of 2018: Labour Relations Amendment Act, 2018**

## DIE PRESIDENSIE

No. 1304 27 November 2018

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

**Wet No. 8 van 2018: Wysigingswet op Basiese Arbeidsverhoudinge, 2018**


ISSN 1682-5843

42061

9 771682 584003



**AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure**

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

| | |
|---|---|
| **[ ]** | Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments. |
| ______ | Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments. |

*(English text signed by the President)*
*(Assented to 23 November 2018)*

# ACT

**To amend the Labour Relations Act, 1995, so as to provide criteria for the *Minister* before the *Minister* is compelled to extend the *collective agreement* as contemplated in the Act; to provide for the renewal and extension of funding agreements; to provide for picketing by *collective agreement* or by determination by the *Commission* in terms of picketing regulations; to provide for the classification of a ratified or determined minimum service; to extend the meaning of ballot to include any voting by members that is recorded in secret; to provide for the independence of the *registrar* and the deputy *registrar*; to provide for an advisory arbitration panel; to provide for an advisory arbitration award; to provide for transitional provisions; and to provide for matters connected therewith.**

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**Amendment of section 32 of Act 66 of 1995, as amended by section 7 of Act 42 of 1996, section 2 of Act 127 of 1998, section 5 of Act 12 of 2002 and section 4 of Act 6 of 2014**

**1.** (1) Section 32 of the Labour Relations Act, 1995 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

“(2) **[Within 60 days of receiving the request]** Subject to subsection (2A), the *Minister* must extend the *collective agreement,* as requested, by publishing a notice in the Government *Gazette*, within 60 days of receiving the request, declaring that, from a specified date and for a specified period, the *collective agreement* will be binding on the non-parties specified in the notice.”;

*(b)* by the insertion after subsection (2) of the following subsection:

“(2A) If the *registrar* determines that the parties to the *bargaining council* are sufficiently representative within the *registered scope* of the *bargaining council* for the purposes of subsection (5)*(a)*, the *Minister* must publish the notice contemplated in subsection (2) within 90 days of the request.”;

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

| | |
|---|---|
| **[ ]** | Woorde in vet druk in vierkantige hakies, dui skrappings uit bestaande verordeninge aan. |
| ________ | Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordeninge aan. |

---

*(Engelse teks deur die President geteken)*
*(Goedgekeur op 23 November 2018)*

# WET

**Tot wysiging van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995, ten einde maatstawwe vir die *Minister* te voorsien voordat die *Minister* verplig is om die *kollektiewe ooreenkoms* uit te brei soos in die Wet beoog; voorsiening te maak vir die hernuwing en uitbreiding van befondsingsooreenkomste; voorsiening te maak vir betooglinievorming by *kollektiewe ooreenkoms* of by bepaling deur die *Kommissie* ingevolge betooglinieregulasies; voorsiening te maak vir die klassifikasie van 'n bekragtigde of bepaalde minimum diens; die betekenis van 'n stemming uit te brei om enige stemming deur lede wat in die geheim opgeneem word, in te sluit; voorsiening te maak vir die onafhanklikheid van die *registrateur* en die adjunkregistrateur; voorsiening te maak vir 'n adviserende arbitrasiepaneel; voorsiening te maak vir 'n adviserende arbitrasietoekenning; voorsiening te maak vir oorgangsmaatreëls; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Wysiging van artikel 32 van Wet 66 van 1995, soos gewysig deur artikel 7 van Wet 42 van 1996, artikel 2 van Wet 127 van 1998, artikel 5 van Wet 12 van 2002 en artikel 4 van Wet 6 van 2014**

**1.** (1) Artikel 32 van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (hierna die Hoofwet genoem), word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Die *Minister* moet, **[binne 60 dae na ontvangs van die versoek]** <u>behoudens subartikel (2A)</u>, die *kollektiewe ooreenkoms*, soos versoek, uitbrei deur <u>binne 60 dae na ontvangs van die versoek,</u> by kennisgewing in die *Staatskoerant* te verklaar, dat vanaf die datum en vir die tydperk in die kennisgewing vermeld, die *kollektiewe ooreenkoms* bindend is op die nie-partye in die kennisgewing vermeld.";

*(b)* deur die volgende subartikel na subartikel (2) in te voeg:

"<u>(2A) Indien die *registrateur* bepaal dat die partye tot die *bedingingsraad* voldoende verteenwoordigend is binne die *geregistreerde bestek* van die *bedingingsraad* vir die doeleindes van subartikel (5)*(a)*, moet die *Minister* die kennisgewing in subartikel (2) beoog binne 90 dae na die versoek, publiseer.</u>";

*(c)* by the substitution in subsection (3) for paragraphs *(b)* and *(c)* of the following paragraphs respectively:

"*(b)*(i) the *registrar,* in terms of section 49(4A)*(a)*, has determined that the majority of all *employees* who, upon extension of the *collective agreement,* will fall within the scope of the agreement, are members of the *trade unions* that are parties to the *bargaining council*; or

**[*(c)*]**(ii) the *registrar,* in terms of section 49(4A)*(a)*, has determined that the members of the *employers' organisations* that are parties to the *bargaining council* will, upon the extension of the *collective agreement,* be found to employ the majority of all the *employees* who fall within the scope of the *collective agreement*;";

*(d)* by the insertion after subsection (3A) of the following subsection:

"(3B) The *Minister* may make regulations on the procedures and criteria that a *bargaining council* must take into consideration when developing the criteria for the purposes of section 32(3)*(d*A*)*, *(e)* and *(f)*.";

*(e)* by the substitution in subsection (5) for paragraph *(a)* of the following paragraph:

"*(a)* the *registrar* has, in terms of section 49(4A)*(b)*, determined that the parties to the *bargaining council* are sufficiently representative within the *registered scope* of the *bargaining council*;";

*(f)* by the substitution for subsection (5A) of the following subsection:

"(5A) When determining whether the parties to the *bargaining council* are sufficiently representative for the purposes of subsection (5)*(a)*, the **[Minister]** *registrar* may take into account the composition of the workforce in the *sector,* including the extent to which there are *employees* assigned to work by temporary employment services, *employees* employed on fixed term contracts, part-time *employees* or *employees* in other categories of non-standard employment.";

*(g)* by the substitution in subsection (6)*(a)* for the words preceding subparagraph (i) of the following words:

"After a notice has been published in terms of subsection (2) or (2A), the *Minister*, at the request of the *bargaining council*, may publish a further notice in the Government *Gazette*—"; and

*(h)* by the deletion in subsection (6) of paragraph *(b)*.

**Insertion of section 32A in Act 66 of 1995**

**2.** The following section is hereby inserted in the principal Act after section 32:

"**Renewal and extension of funding agreements**

**32A.** (1) For the purposes of this section—

*(a)* a 'funding agreement' means a *collective agreement* concluded in a *bargaining council*, including a provision in such an agreement to fund—

(i) the operational and administrative activities of the *bargaining council* itself;

(ii) a *dispute* resolution fund referred to in section 28(1)*(e)*;

(iii) a training and education scheme contemplated in section 28(1)*(f)*; or

(iv) a pension, provident, medical aid, sick pay, holiday, unemployment and training schemes or funds or any similar schemes or funds for the benefit of one or more of the parties to the *bargaining council* or their members, as contemplated in section 28(1)*(g)*;

*(b)* the 'renewal of a funding agreement' means an agreement that is—

(i) binding on the parties to the agreement; and

(ii) deemed to be an extension of the agreement to non-parties in terms of section 32(2).

*(c)* deur in subartikel (3) paragrawe *(b)* en *(c)* onderskeidelik deur die volgende paragrawe te vervang:

“*(b)* (i) die *registrateur*, ingevolge artikel 49(4A)*(a)*, bepaal het dat die meerderheid van al die *werknemers* wat by die uitbreiding van die *kollektiewe ooreenkoms* binne die bestek van die ooreenkoms sal val, lede is van die *vakbonde* wat partye by die *bedingingsraad* is; of

**[*(c)*]** (ii) die *registrateur*, ingevolge artikel 49(4A)*(a)*, bepaal het dat die lede van die *werkgewersorganisasies* wat partye by die *bedingingsraad* is, by die uitbreiding van die *kollektiewe ooreenkoms*, gevind sal word werk te verskaf aan die meerderheid van al die *werknemers* wat binne die bestek van die *kollektiewe ooreenkoms* val;”;

*(d)* deur die volgende subartikel na subartikel (3A) in te voeg:

“(3B) Die *Minister* kan regulasies uitvaardig oor die prosedures en maatstawwe wat ’n *bedingingsraad* in ag moet neem by die ontwikkeling van die maatstawwe by die toepassing van artikels 32(3)*(d*A*)*, *(e)* en *(f)*.”;

*(e)* deur in subartikel (5) paragraaf *(a)* deur die volgende paragraaf te vervang:

“*(a)* die *registrateur* ingevolge artikel 49(4A)*(b)* bepaal het dat die partye by die *bedingingsraad* voldoende verteenwoordigend is binne die *geregistreerde bestek* van die *bedingingsraad*;”;

*(f)* deur subartikel (5A) deur die volgende subartikel te vervang:

“(5A) Wanneer vasgestel word of die partye tot die *bedingingsraad* voldoende verteenwoordigend is vir die doeleindes van subartikel (5)*(a)*, kan die **[*Minister*]** *registrateur* die samestelling van die werkmag in die *sektor* oorweeg, met inbegrip van die mate waartoe daar *werknemers* is wat deur tydelike werkverskaffingsdienste aangewys is om te werk, *werknemers* wat op vastetermyndienskontrakte in diens geneem is, deeltydse *werknemers* of *werknemers* in ander kategorieë van niestandaard-indiensneming.”;

*(g)* deur in subartikel (6)*(a)* die woorde wat subparagraaf (i) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

“Nadat ’n kennisgewing ingevolge subartikel (2) of (2A) gepubliseer is, kan die *Minister* op versoek van die *bedingingsraad* ’n verdere kennisgewing in die *Staatskoerant* publiseer—”; en

*(h)* deur in subartikel (6) paragraaf *(b)* te skrap.

**Invoeging van artikel 32A in Wet 66 van 1995**

**2.** Die volgende artikel word hierby na artikel 31 in die Hoofwet ingevoeg:

“**Hernuwing en uitbreiding van befondsingsooreenkomste**

**32A.** (1) By die toepassing van hierdie artikel beteken—

*(a)* ‘befondsingsooreenkoms’ ’n *kollektiewe ooreenkoms* in ’n *bedingingsraad* gesluit, met inbegrip van ’n bepaling in so ’n ooreenkoms vir die befondsing van—

(i) die operasionele en administratiewe aktiwiteite van die *bedingingsraad* self;

(ii) ’n geskilbeslegtingsfonds in artikel 28(1)*(e)* bedoel;

(iii) ’n opleidings- en onderwysskema in artikel 28(1)*(f)* beoog; of

(iv) ’n pensioenfonds, voorsorgfonds, mediese fonds, siekeloon, vakansie, werkloosheids- of opleidingskemas of fondse of enige soortgelyke skemas of fondse ten behoewe van een of meer van die partye tot die *bedingingsraad* of hul lede, soos in artikel 28(1)*(g)* beoog;

*(b)* die ‘hernuwing van ’n befondsingsooreenkoms’ ’n ooreenkoms—

(i) wat bindend op die partye tot die ooreenkoms is; en

(ii) wat geag word ’n uitbreiding op die ooreenkoms aan niepartye ingevolge artikel 32(2) te wees.

(2) Subject to subsection (3), and where the *Minister* is satisfied that the failure to renew the funding agreement may undermine collective bargaining at sectoral level, the *Minister* may renew a funding agreement for up to 12 months at the request of any of the parties to a *bargaining council* if—

*(a)* the funding agreement has expired; or

*(b)* the parties have failed to conclude a *collective agreement* to renew or replace the funding agreement before 90 days of its expiry.

(3) The *Minister* must, before making a decision under subsection (2)—

*(a)* publish a notice in the Government *Gazette* calling for public comment on the request within a period stipulated in the notice; and

*(b)* consider the comments received.

(4) Any review of the *Minister*'s decision under subsection (2) must be determined by the Labour Court and any such decision remains in force until—

*(a)* set aside by the Labour Court; or

*(b)* if the decision is taken on appeal, set aside by the Labour Appeal Court or the Constitutional Court, as the case may be.''.

**Amendment of section 49 of Act 66 of 1995, as amended by section 11 of Act 12 of 2002 and section 5 of Act 6 of 2014**

**3.** Section 49 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

''(4) A determination of the representativeness of a *bargaining council* in terms of this section is sufficient proof of the representativeness of the *council* for the **[year]** two years following the determination for any purpose in terms of *this Act,* including a decision by the *Minister* in terms of sections 32(3)*(b)*, **[, 32(3)*(c)*]** and 32(5).''; and

*(b)* by the insertion after subsection (4) of the following subsection:

''(4A) A determination made by the *registrar* in terms of—

*(a)* section 32(3)*(b)* is sufficient proof that the members of the *employer organisations* that are party to the *bargaining council*, upon extension of the *collective agreement,* employ the majority of the *employees* who fall within the scope of that agreement; and

*(b)* section 32(5)*(a)* is sufficient proof that the parties to the *collective agreement* are sufficiently representative within the *registered scope* of the *bargaining council*.''.

**Amendment of section 69 of Act 66 of 1995, as amended by section 20 of Act 42 of 1996 and section 9 of Act 6 of 2014**

**4.** (1) Section 69 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsections (4), (5) and (6) of the following subsections respectively:

''(4) **[If requested to do so by the registered *trade union* or the employer]** Unless there is a *collective agreement* binding on the *trade union* that regulates picketing, the **[Commission]** commissioner conciliating the *dispute* must attempt to secure an agreement between the parties to the *dispute* on rules that should apply to any picket in relation to that *strike* or *lock-out* before the expiry of the period contemplated in section 64(1)*(a)*(ii).

(5) If there is no *collective agreement* or no agreement is reached in terms of subsection (4), the **[Commission]** commissioner conciliating the *dispute* must **[establish]** determine picketing rules, in accordance with any default picketing rules *prescribed* by the *Commission* under

(2) Behoudens subartikel (3), en waar die *Minister* oortuig is dat die versuim om die befondsingsooreenkoms te hernu kollektiewe bedinging op sektorale vlak kan ondergrawe, kan die *Minister* 'n befondsingsooreenkoms vir tot 12 maande hernu op versoek van enige van die partye tot 'n *bedingingsraad* indien—

*(a)* die befondsingsooreenkoms verstryk het; of

*(b)* die partye versuim het om 'n *kollektiewe ooreenkoms* te sluit om die befondsingsooreenkoms te hernu of te vervang 90 dae voor die verstryking daarvan.

(3) Die *Minister* moet, voor die neem van 'n besluit kragtens subartikel (2)—

*(a)* 'n kennisgewing in die *Staatskoerant* publiseer wat vra vir openbare kommentaar binne 'n tydperk in die kennisgewing vermeld; en

*(b)* die ontvangde kommentaar in ag neem.

(4) Enige hersiening van die *Minister* se besluit kragtens subartikel (2) moet deur die Arbeidshof beslis word en enige sodanige beslissing bly van krag—

*(a)* totdat die Arbeidshof dit tersyde stel; of

*(b)* indien appél teen die beslissing aangeteken word, totdat dit deur die Arbeidsappélhof of Konstitusionele Hof, na gelang van die geval, tersyde gestel word.".

**Wysiging van artikel 49 van Wet 66 van 1995, soos gewysig deur artikel 11 van Wet 12 van 2002 en artikel 5 van Wet 6 van 2014**

**3.** Artikel 49 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

"(4) 'n Vasstelling van die verteenwoordigendheid van 'n *bedingingsraad* ingevolge hierdie artikel is afdoende bewys van die verteenwoordigendheid van die *raad* vir die twee jaar wat volg op die vasstelling vir enige doel ingevolge *hierdie Wet*, met inbegrip van 'n besluit deur die *Minister* ingevolge artikels 32(3)*(b)* **[, 32(3)*(c)*]** en 32(5)."; en

*(b)* deur die volgende subartikel na subartikel (4) in te voeg:

"(4A) 'n Vasstelling deur die *registrateur* ingevolge—

*(a)* artikel 32(3)*(b)* is voldoende bewys dat die lede van die *werkgewersorganisasies* wat aan die *bedingingsraad* deel het, by uitbreiding van die *kollektiewe ooreenkoms*, die meerderheid van die *werknemers* in diens het wat binne die bestek van daardie ooreenkoms val; en

*(b)* artikel 32(5)*(a)* is voldoende bewys dat die partye tot die *kollektiewe ooreenkoms* voldoende verteenwoordigend van die *geregistreerde bestek* van die *bedingingsraad* is.".

**Wysiging van artikel 69 van Wet 66 van 1995, soos gewysig deur artikel 20 van Wet 42 van 1996 en artikel 9 van Wet 6 van 2014**

**4.** (1) Artikel 69 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikels (4), (5) en (6) onderskeidelik deur die volgende subartikels te vervang:

"(4) **[Indien deur die geregistreerde *vakbond* of die werkgewer daarom versoek]** Tensy daar 'n *kollektiewe ooreenkoms* is wat betooglinievorming reël wat bindend op die *vakbond* is, moet die **[Kommissie]** kommissaris wat die *geskil* versoen probeer om 'n ooreenkoms tussen die partye by die *geskil* te bewerkstellig oor reëls wat van toepassing moet wees op enige betooglinievorming met betrekking tot daardie *staking* of *uitsluiting* voor verstryking van die tydperk in artikel 64(1)*(a)*(ii) beoog.

(5) Indien daar geen *kollektiewe ooreenkoms* is nie of geen ooreenkoms **[nie]** ingevolge subartikel (4) bereik word nie, moet die **[Kommissie]** kommissaris wat die *geskil* versoen reëls vir die betooglinievorming vasstel ooreenkomstig enige verstekreëls vir betooglinievorming deur die *Kommissie voorgeskryf* kragtens artikel 208 of

section 208 or published in any *code of good practice*, and in doing so must take account of—

*(a)* the particular circumstances of the *workplace* or other premises where it is intended that the right to picket is to be exercised; **[and]**

*(b)* any relevant *code of good practice*; and

*(c)* any representations made by the parties to the *dispute* attending the conciliation meeting.

(6) The rules **[established]** determined by the **[Commission]** commissioner conciliating the *dispute* may provide for picketing by *employees*—

*(a)* in a place contemplated in **[section 69(2)*(a)*]** subsection (2)*(a)* which is owned or controlled by a person other than the employer, if that person has had an opportunity to make representations to the **[Commission]** commissioner conciliating the *dispute* before the rules are **[established]** determined; or

*(b)* on their employer's premises if the **[Commission]** commissioner conciliating the *dispute* is satisfied that the employer's permission has been unreasonably withheld.'';

*(b)* by the insertion after subsection (6) of the following subsections:

''(6A) The commissioner conciliating the *dispute* must determine the picketing rules contemplated in subsection (5) at the same time as issuing any certificate contemplated in section 64(1)*(a)*.

(6B) The *Commission* may determine picketing rules under subsections (5) and (6) on a direct application from a registered *trade union* and on an urgent basis if—

*(a)* it has referred a *dispute* about a unilateral change to terms and conditions of employment in accordance with section 64(4) and the employer has not complied with section 64(5); or

*(b)* the employer has given notice of an intention to commence or has commenced an unprotected *lockout*.

(6C) No picket in support of a protected *strike* or in opposition to a *lockout* may take place unless picketing rules—

*(a)* are agreed to in—

(i) a *collective agreement* binding on the *trade union*;

(ii) an agreement contemplated in subsection (4); or

*(b)* have been determined in terms of subsection (5).'';

*(c)* by the substitution in subsection (8) for paragraphs *(c)* and *(d)* of the following paragraphs respectively:

''*(c)* an alleged material breach of a *collective agreement* or an agreement **[concluded]** contemplated in **[terms of]** subsection (4); or

*(d)* an alleged material breach of a picketing rule **[established]** determined in terms of subsection (5).'';

*(d)* by the substitution for subsection (12) of the following subsection:

''(12) If a party has referred a *dispute* in terms of subsection (8) or (11), the Labour Court may, in addition to any relief contemplated in section 68(1), grant relief, including urgent interim relief, which is just and equitable in the circumstances and which may include an order—

*(a)* **[an order]** directing any party, including a person contemplated in subsection (6)*(a)*, to comply with a picketing agreement or rule; **[or]**

*(b)* **[an order]** varying the terms of a picketing agreement or rule; or

*(c)* suspending a picket at one or more of the locations designated in the *collective agreement,* agreed rules contemplated in subsection (4) or rules determined by the *Commission*.''; and

*(e)* by the addition of the following subsection:

''(15) For the purposes of this section, '*commissioner conciliating the dispute*' includes a person appointed by a *bargaining council* to conciliate the *dispute*.''.

gepubliseer in enige *kode vir goeie praktyk*, en moet, wanneer dit gedoen word, oorweging gee aan—

*(a)* die bepaalde omstandighede van die *werkplek* of ander perseel waar beoog word om die reg op betooglinievorming uit te oefen; **[en]**

*(b)* enige tersaaklike *goeie praktykskode*; en

*(c)* enige vertoë deur die partye tot die *geskil* wat die versoeningsvergadering bywoon.

(6) Die reëls deur die **[Kommissie]** kommissaris wat die *geskil* versoen, vasgestel, kan voorsiening maak vir vorming van 'n betooglinie deur *werknemers*—

*(a)* op 'n plek in **[artikel 69(2)*(a)*]** subartikel (2)*(a)* beoog wat besit of beheer word deur 'n persoon wat nie die werkgewer is nie, indien daardie persoon 'n geleentheid gehad het om vertoë aan die **[Kommissie]** kommissaris wat die *geskil* versoen te rig voor die reëls vasgestel word; of

*(b)* op die werkgewer se perseel indien die **[Kommissie]** kommissaris wat die *geskil* versoen oortuig is dat die werkgewer se toestemming op onredelike wyse weerhou is.'';

*(b)* deur die volgende subartikels na subartikel (6) in te voeg:

''(6A) Die kommissaris wat die *geskil* versoen, moet die reëls vir betooglinievorming in subartikel (5) beoog, vasstel terselfdertyd as wat hy of sy 'n sertifikaat beoog in artikel 64(1)*(a)* uitreik.

(6B) Die *Kommissie* kan reëls vir betooglinievorming kragtens subartikels (5) en (6) vasstel by direkte aansoek deur 'n geregistreerde *vakbond* en op 'n dringende grondslag indien—

*(a)* die *Kommissie* 'n *geskil* oor 'n eensydige verandering aan voorwaardes en bedinge van diens ooreenkomstig artikel 64(4) verwys het en die werkgewer nie aan artikel 64(5) voldoen het nie; of

*(b)* die werkgewer kennis gegee het van voorneme om 'n onbeskermde *uitsluiting* te begin of reeds begin het.

(6C) Geen betooglinie ter ondersteuning van 'n beskermde *staking* of in teenstand van 'n *uitsluiting* kan vorm nie tensy betoogliniereëls—

*(a)* op ooreengekom word in—

(i) 'n *kollektiewe ooreenkoms* wat bindend op die *vakbond* is;

(ii) 'n ooreenkoms in subartikel (4) beoog; of

*(b)* ingevolge subartikel (5) vasgestel is.'';

*(c)* deur in subartikel (8) paragrawe *(c)* en *(d)* onderskeidelik deur die volgende paragrawe te vervang:

''*(c)* 'n beweerde wesenlike verbreking van 'n *kollektiewe ooreenkoms* of ooreenkoms **[wat ingevolge]** in subartikel (4) **[gesluit is]** beoog; of

*(d)* 'n beweerde wesenlike skending van 'n reël vir betooglinievorming ingevolge subartikel (5) vasgestel.'';

*(d)* deur subartikel 12 deur die volgende subartikel te vervang:

''(12) Indien 'n party 'n *geskil* ingevolge subartikel (8) of (11) verwys het, kan die Arbeidshof, bykomend tot enige regshulp in artikel 68(1) beoog, regshulp toestaan, met inbegrip van dringende tussentydse regshulp, wat onder die omstandighede regverdig en billik is en wat kan insluit—

*(a)* 'n bevel wat enige party, met inbegrip van 'n persoon in subartikel (6)*(a)* beoog, gelas om aan 'n betooglinievormingsooreenkoms of -reël te voldoen; **[of]**

*(b)* 'n bevel wat die voorwaardes van 'n betooglinievormingsooreenkoms of -reël varieer; of

*(c)* 'n bevel wat die vorming van 'n betooglinie opskort by een of meer van die liggings aangewys in die *kollektiewe ooreenkoms*, reëls op ooreengekom in subartikel (4) beoog of reëls deur die *Kommissie* vasgestel.''; en

*(e)* deur die volgende subartikel by te voeg:

''(15) By die toepassing van hierdie artikel, is 'n 'kommissaris wat die *geskil* versoen' ook iemand deur 'n *bedingingsraad* aangestel om die *geskil* te versoen.''.

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

**Amendment of section 70F of Act 66 of 1995, as amended by section 11 of Act 6 of 2014**

**5.** Section 70F of the principal Act is hereby amended by the deletion of subsection (2).

**Amendment of section 72 of Act 66 of 1995, as amended by section 13 of Act 6 of 2014**

**6.** Section 72 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (5) of the following subsection:

"(5) Despite subsections (3) and (4), section 74 applies to a designated essential service in respect of which the *essential services* committee has ratified a minimum services agreement or has made a determination of minimum services if the majority of *employees* employed in the *essential services* voted in a ballot in favour of this."; and

*(b)* by the addition of the following subsection:

"(9) For the purposes of this section, a 'ratified minimum service' or 'determined minimum service' means the minimum number of *employees* in a designated essential service who may not *strike* in order to ensure that the life, personal safety or health of the whole or part of the population is not endangered.".

**Amendment of section 75 of Act 66 of 1995, as amended by section 22 of Act 42 of 1996**

**7.** Section 75 of the principal Act is hereby amended by the addition of the following subsection:

"(8) A panel appointed by the *essential services* committee may in the *prescribed* manner vary or cancel the designation of the whole or part of a maintenance service on its own accord or on application by the employer or a registered *trade union* with members affected by the designation of a maintenance service.".

**Amendment of section 95 of Act 66 of 1995, as amended by section 18 of Act 12 of 2002**

**8.** Section 95 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (8) of the following subsection:

"(8) The *Minister*, **[in]** after consultation with *NEDLAC,* may by notice in the Government *Gazette* publish guidelines to be applied by the *registrar* in determining whether an applicant is a genuine *trade union* or a genuine *employers' organisation* and guidelines for the system of voting as contemplated in subsection (9)."; and

*(b)* by the addition of the following subsection:

"(9) For the purpose of subsection (5), 'ballot' includes any system of voting by members that is recorded and in secret.".

**Amendment of section 99 of Act 66 of 1995**

**9.** Section 99 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraphs *(b)* and *(c)* of the following paragraphs respectively:

"*(b)* the attendance register, minutes or any other *prescribed* record of its meetings, in an original or reproduced form, for a period of three years from the end of the financial year to which they relate; and

*(c)* the ballot papers or any documentary or electronic record of the ballot for a period of three years from the date of every ballot.".

**Wysiging van artikel 70F van Wet 66 van 1995, soos gewysig deur artikel 11 van Wet 6 van 2014**

**5.** Artikel 70F van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (2) te skrap.

**Wysiging van artikel 72 van Wet 66 van 1995, soos gewysig deur artikel 13 van Wet 6 van 2014**

**6.** Artikel 72 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:

“(5) Ondanks subartikels (3) en (4), is artikel 74 van toepassing op ’n aangewese *noodsaaklike diens* ten opsigte waarvan die komitee vir noodsaaklike dienste ’n ooreenkoms oor minimumdienste bekragtig het of ’n vasstelling van minimumdienste gemaak het, indien die meerderheid *werknemers* in diens van die *noodsaaklike dienste* in ’n stemming per stembrief ten gunste hiervan gestem het.”; en

*(b)* deur die volgende subartikel by te voeg:

“(9) By die toepassing van hierdie artikel, beteken ’n ‘bekragtigde minimumdiens’ of ‘vasgestelde minimumdiens’ die minimum getal *werknemers* in ’n aangewese noodsaaklike diens wat nie mag *staak* nie ten einde te verseker dat die lewens, persoonlike veiligheid of gesondheid van die geheel van of ’n gedeelte van die bevolking nie in gevaar gestel word nie.”.

**Wysiging van artikel 75 van Wet 66 van 1995, soos gewysig deur artikel 22 van Wet 42 van 1996**

**7.** Artikel 75 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg:

“(8) ’n Paneel deur die komitee vir *noodsaaklike dienste* aangestel kan op die *voorgeskrewe* wyse die aanwysing verander of intrek van die geheel of deel van ’n onderhoudsdiens uit eie beweging of by aansoek deur die werkgewer of ’n geregistreerde *vakbond* met lede wat deur die aanwysing van ’n onderhoudsdiens geraak word.”.

**Wysiging van artikel 95 van Wet 66 van 1995, soos gewysig deur artikel 18 van Wet 12 van 2002**

**8.** Artikel 95 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (8) deur die volgende subartikel te vervang:

“(8) Die *Minister*, **[in]** na oorleg met *NEOAR*, kan by kennisgewing in die *Staatskoerant* riglyne publiseer wat deur die *registrateur* toegepas moet word om te bepaal of ’n aansoeker ’n ware *vakbond* of ’n ware *werkgewersorganisasie* is en riglyne vir die stelsel van stemming soos in subartikel (9) beoog.”; en

*(b)* deur die volgende subartikel by te voeg:

“(9) By die toepassing van subartikel (5) beteken ‘stemming’ enige stelsel van stemming deur lede waar stemme opgeneem en geheim gehou word.”.

**Wysiging van artikel 99 van Wet 66 van 1995**

**9.** Artikel 99 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragrawe *(b)* en *(c)* onderskeidelik deur die volgende paragrawe te vervang:

“*(b)* die bywoningsregister, notules of enige ander voorskryfbare rekord van sy vergaderings, in die oorspronklike of ’n gereproduseerde vorm, **[bewaar]** vir ’n tydperk van drie jaar vanaf die einde van die boekjaar waarop hulle betrekking het, bewaar; en

*(c)* die stembriewe of enige dokumentêre of elektroniese rekord van die geheime stemming vir ’n tydperk van drie jaar vanaf die datum van elke stemming bewaar.”.

**Amendment of section 100 of Act 66 of 1995**

**10.** Section 100 of the principal Act is hereby amended by the deletion of the word ''and'' at the end of paragraph *(d)*, the insertion of the word ''and'' at the end of paragraph *(e)*, and the addition of the following paragraph:

''*(f)* the records referred to in section 99.''.

**Amendment of section 108 of Act 66 of 1995**

**11.** Section 108 of the principal Act is hereby amended by the addition of the following subsections:

''(4) The *registrar* and the deputy *registrars* are independent and, subject only to the Constitution and the law, they must be impartial and must exercise their powers and perform their functions without fear, favour or prejudice.

(5) No person or organ of state may interfere with the functioning of the *registrar*.''.

**Amendment of section 116 of Act 66 of 1995**

**12.** Section 116 of the principal Act is hereby amended by the addition of the following subsections:

''(4) The governing body may appoint any of its members to act as chairperson whenever—

*(a)* the chairperson is absent from the *Republic* or from duty, or for any reason is temporarily unable to perform the functions of the chairperson; or

*(b)* the office of the chairperson is vacant.

(5) An acting chairperson is competent to exercise and perform any of the powers of the chairperson.''.

**Amendment of section 127 of Act 66 of 1995, as amended by section 33 of Act 42 of 1996 and section 23 of Act 12 of 2002**

**13.** Section 127 of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (1) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

''Any *council* or private agency may apply to the governing body in the *prescribed* form for accreditation and for accreditation of the persons to perform any of the following functions—''.

**Amendment of section 128 of Act 66 of 1995**

**14.** Section 128 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

''(3) *(a)* (i) An accredited *council* may confer on any person who is accredited by the governing body and appointed by **[it]** the *council* to resolve a *dispute*, the powers of a commissioner in terms of section 142, read with the changes required by the context.

(ii) For this purpose, any reference in that section to the *director* must be read as a reference to the secretary of the *bargaining council*.

*(b)* An accredited private agency may confer on any person who is accredited by the governing body and appointed by **[it]** the agency to resolve a *dispute*, the powers of a commissioner in terms of section 142(i)*(a)* to *(e)*, (2) and (7) to (9), read with the changes required by the context.''.

**Substitution of section 130 of Act 66 of 1995**

**15.** The following section is hereby substituted for section 130 of the principal Act:

''**Withdrawal of accreditation**

**130.** If an accredited *council*, **[or]** accredited agency or a person accredited by the governing body fails to comply to a material extent with the terms of its accreditation, the governing body may withdraw its accreditation after having given reasonable notice of the withdrawal to that *council*, **[or]** accredited *agency* or the accredited person.''.

**Wysiging van artikel 100 van Wet 66 van 1995**

**10.** Artikel 100 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die woord ''en'' aan die einde van paragraaf *(d)* te skrap, die woord ''en'' aan die einde van paragraaf *(e)* in te voeg en die volgende paragraaf by te voeg:

''*(f)* die rekords in artikel 99 bedoel.''.

**Wysiging van artikel 108 van Wet 66 van 1995**

**11.** Artikel 108 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikels by te voeg:

''(4) Die *registrateur* en die adjunkregistrateurs is onafhanklik en hulle moet, onderhewig aan die Grondwet en die reg alleenlik, onpartydig wees en sonder vrees, guns of benadeling hul bevoegdhede uitoefen en werksaamhede verrig.

(5) Geen persoon of staatsorgaan mag met die funksionering van die *registrateur* inmeng nie.''.

**Wysiging van artikel 116 van Wet 66 van 1995**

**12.** Artikel 116 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikels by te voeg:

''(4) Die beheerliggaam kan enige van die beheerliggaam se lede aanstel om as voorsitter waar te neem—

*(a)* wanneer die voorsitter buite die *Republiek* of van diens is, of om enige rede tydelik nie die werksaamhede van die voorsitter kan verrig nie; of

*(b)* wanneer die amp van voorsitter vakant is.

(5) 'n Waarnemende voorsitter het die bevoegdheid om enige van die bevoegdhede van die voorsitter uit te oefen en te verrig.''.

**Wysiging van artikel 127 van Wet 66 van 1995, soos gewysig deur artikel 33 van Wet 42 van 1996 en artikel 23 van Wet 12 van 2002**

**13.** Artikel 127 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

'' 'n *Raad* of private agentskap kan op die *voorgeskrewe* wyse by die beheerliggaam aansoek doen om akkreditering en om akkreditering van die persone wat enige van die volgende werksaamhede staan te verrig—''.

**Wysiging van artikel 128 van Wet 66 van 1995**

**14.** Artikel 128 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

''(3) *(a)* (i) 'n Geakkrediteerde *raad* kan aan enige persoon deur die beheerliggaam geakkrediteer en deur **[hom]** die *raad* aangestel om 'n *geskil* te besleg, die bevoegdhede verleen van 'n kommissaris ingevolge artikel 142, gelees met die veranderinge wat die konteks vereis.

(ii) Vir hierdie doel word enige verwysing in daardie artikel na die *direkteur* gelees as 'n verwysing na die sekretaris van die *bedingingsraad*.

*(b)* 'n Geakkrediteerde private agentskap kan aan enige persoon deur **[hom]** die beheerliggaam geakkrediteer en deur die agentskap aangestel om 'n *geskil* te besleg, die bevoegdhede verleen van 'n kommissaris ingevolge artikel 142(1)*(a)* tot *(e)*, (2) en (7) tot (9), gelees met die veranderinge wat die konteks vereis.''.

**Vervanging van artikel 130 van Wet 66 van 1995**

**15.** Artikel 130 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

''**Intrekking van akkreditasie**

**130.** Indien 'n geakkrediteerde *raad*, **[of]** geakkrediteerde agentskap of 'n persoon deur die beheerliggaam geakkrediteer in gebreke bly om in wesenlike mate aan die voorwaardes van sy akkreditasie te voldoen, kan die beheerliggaam sy akkreditasie intrek nadat redelike kennis van die intrekking aan daardie *raad*, **[of]** geakkrediteerde *agentskap* of die geakkrediteerde persoon gegee is.''.

**Amendment of section 135 of Act 66 of 1995, as amended by section 36 of Act 42 of 1996, section 8 of Act 127 of 1998 and section 26 of Act 12 of 2002**

**16.** Section 135 of the principal Act is hereby amended by the insertion after subsection (2) of the following subsections respectively:

"(2A) If an extension of the 30-day period referred to in subsection (2) is necessary to ensure a meaningful conciliation process, the commissioner or a party may apply to the *director* in accordance with any rules made in terms of section 115(2A) for an extension of the period, which may not exceed five days.

(2B) The *director* may only extend the period referred to in subsection (2A) if the *director* is satisfied that—

*(a)* an extension is necessary to ensure a meaningful conciliation process;

*(b)* the refusal to agree to the extension is unreasonable; and

*(c)* there are reasonable prospects of reaching an agreement.

(2C) Subsections (2A) and (2B) do not apply to instances where the State is the employer.".

**Insertion of sections 150A, 150B, 150C and 150D in Act 66 of 1995**

**17.** The following sections are hereby inserted in the principal Act after section 150:

"**Advisory arbitration panel in public interest**

**150A.** (1) The *director* may appoint an advisory arbitration panel (referred to in sections 150A to 150D as the 'panel') in the public interest to make an advisory arbitration award (referred to in sections 150 A to 150 D as the 'award') in order to facilitate a *dispute*—

*(a)* on the *director's* own accord or on application of one of the parties to the *dispute*;

*(b)* after consultation in the *prescribed* manner with the parties to the *dispute*; and

*(c)* in the *prescribed* manner setting out the panel's terms of reference as provided for in section 150C(1).

(2) The *director* must establish an advisory arbitration panel contemplated in subsection (1) to facilitate a resolution of the *dispute* at any time after a commissioner has issued a certificate of unresolved *dispute* under section 135(5)*(a)* or a notice of the commencement of the *strike* or *lockout* contemplated in section 64(1)*(b)*, *(c)* and *(d)*, whichever is the earlier—

*(a)* subject to subsection (3)—

(i) if directed to do so by the *Minister*; or

(ii) on application by a party to the *dispute*;

*(b)* if ordered to do so by the Labour Court in terms of subsection (4); or

*(c)* by agreement of the parties.

(3) The *director* may only appoint the panel in terms of subsection (2)*(a)* if the *director* has reasonable grounds to believe that any one or more of the following circumstances exists:

*(a)* The *strike* or *lockout* is no longer functional to collective bargaining in that it has continued for a protracted period of time and no resolution of the *dispute* appears to be imminent;

*(b)* there is an imminent threat that constitutional rights may be or are being violated by persons participating in or supporting the *strike* or *lockout* through the threat or use of violence or the threat of or damage to property; or

*(c)* the *strike* or *lockout* causes or has the imminent potential to cause or exacerbate an acute national or local crisis affecting the conditions for the normal social and economic functioning of the community or society.

(4) The Labour Court may only make an order requiring the *director* to appoint the panel in terms of subsection (2)*(b)*—

*(a)* on application made by a person or association of persons that will be materially affected by any one or more of the circumstances contemplated in subsection (3)*(b)* and *(c)*; and

**Wysiging van artikel 135 van Wet 66 van 1995, soos gewysig deur artikel 36 van Wet 42 van 1996, artikel 8 van Wet 127 van 1998 en artikel 26 van Wet 12 van 2002**

**16.** Artikel 135 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikels onderskeidelik na subartikel (2) in te voeg:

"(2A) Indien 'n verlenging van die 30-dae-tydperk in subartikel (2) bedoel nodig is om 'n betekenisvolle versoeningsproses te verseker, kan die kommissaris of 'n party by die *direkteur* aansoek doen ooreenkomstig enige reëls ingevolge artikel 115(2A) gemaak om die tydperk met hoogstens vyf dae te verleng.

(2B) Die *direkteur* kan slegs die tydperk in subartikel (2A) bedoel verleng indien die *direkteur* oortuig is dat—

*(a)* 'n verlenging nodig is om 'n betekenisvolle versoeningsproses te verseker;

*(b)* die weiering om tot die verlenging in te stem onredelik is; en

*(c)* daar redelike vooruitsigte vir die bereiking van 'n ooreenkoms is.

(2C) Subartikels (2A) en (2B) is nie van toepassing op gevalle waar die Staat die werkgewer is nie.".

**Invoeging van artikels 150A, 150B, 150C en 150D in Wet 66 van 1995**

**17.** Die volgende artikels word hierby na artikel 150 in die Hoofwet ingevoeg:

"**Adviserende arbitrasiepaneel in openbare belang**

**150A.** (1) Die *direkteur* kan 'n adviserende arbitrasiepaneel (in artikels 150A tot 150D die 'paneel' genoem) in die openbare belang aanstel om 'n adviserende arbitrasietoekenning (in artikels 150A tot 150D die 'toekenning' genoem), te doen ten einde 'n *geskil* te fasiliteer—

*(a)* uit eie beweging van die *direkteur* of op aansoek deur een van die partye tot die *geskil*;

*(b)* na oorleg op die *voorgeskrewe* wyse met die partye tot die *geskil*; en

*(c)* op die *voorgeskrewe* wyse, met vermelding van die paneel se opdrag soos in artikel 150C(1) voor voorsiening gemaak.

(2) Die *direkteur* moet 'n adviserende arbitrasiepaneel bedoel in artikel (1) instel om 'n beslegting van die *geskil* te fasiliteer te eniger tyd nadat die kommissaris 'n sertifikaat van onbygelegde *geskil* kragtens artikel 135(5)*(a)* of 'n kennisgewing van die begin van die *staking* of *uitsluiting* beoog in artikel 64(1)*(b)*, *(c)* en *(d)*, wat ook al eerste gekom het, uitgereik het—

*(a)* behoudens subartikel (3)—

(i) indien die *Minister* dit gelas; of

(ii) op aansoek deur 'n party tot die *geskil*;

*(b)* indien die Arbeidshof dit ingevolge subartikel (4) gelas; of

*(c)* by ooreenkoms deur die partye.

(3) Die *direkteur* kan die paneel slegs ingevolge subartikel (2)*(a)* aanstel indien die *direkteur* redelike gronde het om te glo dat een of meer van die volgende omstandighede bestaan:

*(a)* Die *staking* of *uitsluiting* dra nie meer tot kollektiewe bedinging by nie aangesien dit vir 'n uitgerekte tydperk aangegaan het en geen beslegting van die *geskil* in sig is nie;

*(b)* daar 'n dreigende moontlikheid is dat grondwetlike regte geskend kan word of geskend word deur persone wat aan die *staking* of *uitsluiting* deelneem deur dreigende geweld of dreigende skade of werklike skade aan eiendom; of

*(c)* die *staking* of *uitsluiting* 'n akute nasionale of plaaslike krisis veroorsaak of die dreigende potensiaal het om so 'n krisis te versoorsaak wat die omstandighede vir die normale maatskaplike en ekonomiese werking van die gemeenskap of samelewing raak.

(4) Die Arbeidshof kan slegs 'n bevel gee wat vereis dat die *direkteur* die paneel ingevolge subartikel (2)*(b)* aanstel—

*(a)* by aansoek gedoen deur 'n persoon of vereniging van persone wat wesenlik geraak sal word deur enige een of meer van die omstandighede in subartikel (3)*(b)* en *(c)* beoog; en

*(b)* if the Court considers that there are reasonable grounds that any one or more of the circumstances contemplated in subsection (3)*(b)* and *(c)* exist.

(5) A person may not apply to any court of law to stay or review the establishment or proceedings of an advisory arbitration panel until the panel has issued its award.

**Composition of advisory arbitration panel**

**150B.** (1) The panel contemplated in section 150A (1) must consist of—

*(a)* a senior commissioner as the chairperson of the panel; and

*(b)* subject to subsection (2)—

(i) an assessor appointed by the employer party to the *dispute*; and

(ii) an assessor appointed by the *trade union* party to the *dispute*.

(2) If the employer or *trade union* party to the *dispute* fails or refuses to appoint an assessor within the *prescribed* time period, the *director* must appoint an assessor from the relevant list of assessors determined in terms of subsection (3).

(3) *NEDLAC* must, in the *prescribed* manner, provide the *director* with two lists of assessors which shall consist of—

*(a)* the employer list of assessors which must be determined by organised business as defined in section 1 of the National Economic Development and Labour Advisory Act, 1994 (Act No. 35 of 1994); and

*(b)* the *trade union* list of assessors which must be determined by organised labour as defined in section 1 of the Act referred to in paragraph *(a)*.

(4) If the employer or *trade union* party to the *dispute* fails or refuses to participate in the proceedings of the panel established in terms of section 150A, the *director* must appoint a person with the requisite expertise to represent the interests of that party in the proceedings.

(5) The chairperson of the panel, after consultation with the assessors appointed in terms of this section, may—

*(a)* conduct the arbitration in a manner that the chairperson considers appropriate in order to make an advisory award fairly and quickly but must deal with the substantial merits of the *dispute* with minimal legal formalities;

*(b)* exercise the powers of a commissioner under section 142;

*(c)* order the disclosure of all relevant information—

(i) subject to section 16(5), (10), (11), (12) and (13); and

(ii) only if that information is necessary in order to make the factual finding and recommendations contemplated in section 150C(1)*(a)* and *(b)*.

(6) The panel must conduct its proceedings and issue an award within seven days of the arbitration hearing or any reasonable period extended by the *director* as the case may be, taking into account the urgency of a resolution of the *dispute* arising from the circumstances contemplated in section 150A(3)*(a)* to *(c)*.

(7) The appointment of the panel does not interrupt or suspend the right to *strike* or the recourse to *lockout* in accordance with Chapter IV.

**Advisory arbitration award**

**150C.** (1) An award must be in the *prescribed* form and include—

*(a)* a report on factual findings;

*(b)* recommendations for the resolution of the *dispute*;

*(c)* motivation for why the recommendations ought to be accepted by the parties; and

*(b)* indien die Hof van mening is dat daar redelike gronde is dat enige een of meer van die omstandighede in subartikel (3)*(b)* en *(c)* beoog, bestaan.

(5) 'n Persoon kan nie by enige geregshof aansoek doen om die instelling van of verrigtinge van 'n adviserende arbitrasiepaneel uit te stel of te hersien nie, totdat die paneel sy toekenning uitgereik het.

**Samestelling van adviserende arbitrasiepaneel**

**150B.** (1) Die paneel beoog in artikel 150A(1) moet bestaan uit—

*(a)* 'n senior kommissaris as die voorsitter van die paneel; en

*(b)* behoudens subartikel (2)—

(i) 'n assessor deur die werkgewer wat party is tot die *geskil* aangestel; en

(ii) 'n assessor deur die *vakbond* wat party is tot die *geskil* aangestel.

(2) Indien die werkgewer of *vakbond* wat party is tot die *geskil* versuim of weier om 'n assessor binne die *voorgeskrewe* tydperk aan te stel, moet die *direkteur* 'n assessor van die tersaaklike lys ingevolge subartikel (3) bepaal, aanstel.

(3) *NEOAR* moet, op die *voorgeskrewe* wyse, die *direkteur* voorsien van die twee lyste assessore wat sal bestaan uit—

*(a)* die werkgewerlys van assessore wat bepaal moet word deur die georganiseerde sakegemeenskap soos in artikel 1 van die Wet op die Nasionale Ekonomiese, Ontwikkelings- en Arbeidsraad, 1994 (Wet No. 35 van 1994), omskryf; en

*(b)* die vakbondlys van assessore wat bepaal moet word deur die georganiseerde arbeidsgemeenskap soos omskryf in artikel 1 van die Wet in paragraaf *(a)* bedoel.

(4) Indien die werkgewer of *vakbond* wat party is tot die geskil versuim of weier om deel te neem aan die verrigtinge van die paneel ingevolge artikel 150A ingestel, moet die *direkteur* 'n persoon met die nodige kundigheid aanstel om die belange van daardie party in die verrigtinge te verteenwoordig.

(5) Die voorsitter van die paneel, na oorleg met die assessore ingevolge hierdie artikel aangestel, kan—

*(a)* die arbitrasie op 'n wyse voer wat die voorsitter gepas ag ten einde 'n adviserende toekenning billik en spoedig te maak, maar moet die wesenlike meriete van die *geskil* met so min as moontlik regsformaliteite hanteer;

*(b)* die bevoegdhede van 'n kommissaris kragtens artikel 142 uitoefen;

*(c)* gelas dat alle tersaaklike inligting bekend gemaak word—

(i) behoudens artikel 16(5), (10), (11), (12) en (13); en

(ii) slegs indien daardie inligting noodsaaklik is ten einde die feitlike bevinding en aanbevelings in artikel 150C(1)*(a)* en *(b)* beoog, te maak.

(6) Die paneel moet die paneel se verrigtinge voer en 'n toekenning uitreik binne sewe dae vanaf die arbitrasieverhoor of enige redelike tydperk deur die *direkteur* verleng, na gelang van die geval, met inagneming van die dringendheid van 'n beslegting van die *geskil* na aanleiding van die omstandighede in artikel 150A(3)*(a)* tot *(c)* beoog.

(7) Die aanstelling van die paneel is nie 'n onderbreking of opskorting van die reg om te *staak* of tot *uitsluiting* te wend ooreenkomstig Hoofstuk IV nie.

**Adviserende arbitrasietoekenning**

**150C.** (1) 'n Toekenning moet in die *voorgeskrewe* vorm wees en—

*(a)* 'n verslag oor feitlike bevindings insluit;

*(b)* aanbevelings vir die beslegting van die *geskil* insluit;

*(c)* motivering oor hoekom die partye die aanbevelings behoort te aanvaar, insluit; en

*(d)* the seven-day period within which the parties to the *dispute* must either indicate acceptance or rejection of the award.

(2) If the chairperson is not able to secure consensus of both assessors in respect of the award contemplated in subsection (1), the chairperson must issue the award on behalf of the panel.

(3) The chairperson must serve the advisory arbitration award on the parties to the *dispute* to allow them to consider the award and consult and take such measures as may be necessary to ensure that the award is not made publicly available before the *Minister* has published the award in terms of subsection (7).

(4) A party to the *dispute* may apply to the chairperson in the *prescribed* form for an extension of the time period in subsection (1)*(d)* for no more than five days.

(5) *(a)* The parties to the *dispute* may indicate their acceptance or rejection of the award within the period contemplated in subsection (1)*(d)*.

*(b)* If a party to the *dispute* fails to indicate either its acceptance or rejection of the award within the period contemplated in subsection (1)*(d)*, the party is deemed to have accepted the award.

*(c)* If a party rejects the award, it must motivate its rejection in the *prescribed* manner.

(6) An employers' organisation or *trade union* party to a *dispute* must, in accordance with its constitution, consult with its members before rejecting an award in terms of subsection (5)*(a)*.

(7) The *Minister* must, within four days of the award being issued, publish the award in the *prescribed* manner for public dissemination.

(8) Nothing in this section may be construed to prevent any party to the *dispute* to request the panel to reconvene in order to seek an explanation of the award or to mediate a settlement of the *dispute* based on the award or a variation of the award.

**Effect of advisory arbitration award**

**150D.** (1) An advisory arbitration award is only binding on a party and its members to the *dispute* if—

*(a)* one or more of the—

(i) *trade unions* party to the *dispute* has accepted or deemed to have accepted the award in terms of section 150C(5)*(b)* or subsection (2); or

(ii) employer organisations party to the *dispute* has accepted or is deemed to have accepted the award in terms of section 150C(5)*(b)*; or

*(b)* it is binding in terms of subsection (3) or 150C(5)*(b)*.

(2) Subject to subsection (3), the binding nature of an advisory arbitration award is determined in accordance with section 23 as if the award is a *collective agreement* for the purposes of that section.

(3) If the parties to the *dispute* are parties to a *bargaining council*—

*(a)* the binding nature of an award is determined in accordance with section 31 as if the award is a *collective agreement* for the purposes of that section;

*(b)* the *bargaining council* may, subject to paragraph *(c)*, apply to the *Minister* to have the award extended in accordance with section 32 as if the award is a *collective agreement* for the purposes of that section, to persons who—

(i) are not members of the parties to the *council*; or

(ii) have rejected the award in terms of section 150C(5)*(c)*;

*(c)* the *Minister* may extend the advisory arbitration award in accordance with section 32 as if the award is a *collective agreement* for the purposes of that section if the parties have been deemed to have accepted the award in terms of section 150C(5)*(b)*.''.

*(d)* die tydperk van sewe dae waarbinne die partye tot die *geskil* aanvaarding of verwerping van die toekenning moet aandui, insluit.

(2) Indien die voorsitter nie die konsensus van beide assessore ten opsigte van die toekenning beoog in subartikel (1) kan kry nie, moet die voorsitter die toekenning namens die paneel uitreik.

(3) Die voorsitter moet die adviserende arbitrasietoekenning aan die partye tot die *geskil* beteken om hulle 'n geleentheid te gun om oorleg te pleeg en die stappe te doen wat nodig mag wees om te verseker dat die toekenning nie openbaar beskikbaar gestel word voordat die *Minister* die toekenning ingevolge subartikel (7) gepubliseer het nie.

(4) 'n Party tot die *geskil* kan op die *voorgeskrewe* vorm by die voorsitter aansoek doen om 'n verlenging van die tydperk in subartikel (1)*(d)* vir hoogstens vyf dae.

(5) *(a)* Die partye tot die *geskil* kan hul aanvaarding of verwerping van die toekenning aandui binne die tydperk in subartikel (1)*(d)* beoog.

*(b)* Indien 'n party tot die *geskil* versuim om óf aanvaarding óf verwerping van die toekenning aan te dui binne die tydperk in subartikel (1)*(d)* beoog, word die party geag die toekenning te aanvaar het.

*(c)* Indien 'n party die toekenning verwerp, moet die party die verwerping op die *voorgeskrewe* wyse motiveer.

(6) 'n Werkgewersorganisasie of *vakbond* wat party is tot 'n *geskil* moet, ooreenkomstig daardie party se grondwet, met die organisasie of *vakbond* se lede oorleg pleeg voordat 'n toekenning ingevolge subartikel (5)*(a)* verwerp word.

(7) Die *Minister* moet, binne vier dae vanaf uitreiking van die toekenning, die toekenning op die *voorgeskrewe* wyse vir openbare verspreiding publiseer.

(8) Niks in hierdie artikel kan uitgelê word dat dit enige party tot die *geskil* daarvan weerhou om die paneel te versoek om weer te vergader nie ten einde 'n verduideliking vir die toekenning te kry of om 'n skikking van die *geskil* te bemiddel op grond van die toekenning of 'n verandering van die toekenning.

**Uitwerking van adviserende arbitrasietoekenning**

**150D.** (1) 'n Adviserende arbitrasietoekenning is slegs bindend op 'n party tot die *geskil* en die party se lede indien—

*(a)* een of meer van die—

(i) *vakbonde* wat party is tot die *geskil* die toekenning aanvaar het of geag word die toekenning te aanvaar het ingevolge artikel 150C(5)*(b)* of subartikel (2); of

(ii) werkgewerorganisasies wat party is tot die *geskil* die toekenning aanvaar het of geag word die toekenning te aanvaar het ingevolge artikel 150C(5)*(b)*; of

*(b)* dit ingevolge subartikel (3) of 150C(5)*(b)* bindend is.

(2) Behoudens subartikel (3), word die bindende aard van 'n adviserende arbitrasietoekenning ooreenkomstig artikel 23 bepaal asof die toekenning 'n *kollektiewe ooreenkoms* vir die doeleindes van daardie artikel is.

(3) Indien die partye tot die *geskil* partye tot 'n *bedingingsraad* is—

*(a)* word die bindende aard van 'n toekenning ooreenkomstig artikel 31 bepaal asof die toekenning 'n *kollektiewe ooreenkoms* by die toepassing van daardie artikel is;

*(b)* kan die *bedingingsraad*, behoudens paragraaf *(c)*, by the *Minister* aansoek doen om die toekenning ooreenkomstig artikel 32 te laat uitbrei asof die toekenning by die toepassing van daardie artikel 'n *kollektiewe ooreenkoms* is, aan persone wat—

(i) nie lede van die partye tot die *raad* is nie; of

(ii) die toekenning ingevolge artikel 15C(5)*(c)* verwerp het;

*(c)* die *Minister* kan die adviserende arbitrasietoekenning ooreenkomstig artikel 32 verleng asof die toekenning 'n *kollektiewe ooreenkoms* is by die toepassing van daardie artikel indien die partye geag word die toekenning ingevolge artikel 150C(5)*(b)* te aanvaar het.''.

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

**Amendment of section 208A of Act 66 of 1995**

**18.** Section 208A of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

> "(1) The *Minister*, in writing, may delegate to the Director- General or any other officer of the Department of Labour any power, function or duty conferred or imposed upon the *Minister* in terms of *this Act,* except the powers, functions and duties contemplated in section 32 (but excluding **[subsection]** subsections (5)*(c)* and (6)) and sections 44, 207 and 208.".

**Transitional provisions**

**19.** (1) The *registrar* must, within 180 days of the commencement of *this Act,* in respect of registered *trade unions* and *employers' organisations* that do not provide for a recorded and secret ballot in their constitutions—

- *(a)* consult with the national office bearers of those unions or *employers' organisations* on the most appropriate means to amend the constitution to comply with section 95; and
- *(b)* issue a directive to those unions and *employers' organisations* as to the period within which the amendment to their constitution is to be effected, in compliance with the procedures set out in the amended constitution.

(2) Until a registered *trade union* or employers' organisation complies with the directive made in terms of subsection (1)*(b)* and the requirements of section 95(5)*(p)* and *(q)* of the Act, the *trade union* or employer organisation, before engaging in a *strike* or *lockout*, must conduct a secret ballot of members.

**Short title and commencement**

**20.** This Act is called the Labour Relations Amendment Act, 2018, and comes into effect on a date published by the President in the *Gazette*.

**Wysiging van artikel 208A van Wet 66 van 1995**

**18.** Artikel 208A van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Die *Minister* kan enige bevoegdheid, werksaamheid of plig wat die *Minister* verleen of opgelê word by of ingevolge *hierdie Wet*, behalwe die bevoegdhede, werksaamhede of pligte beoog in artikel 32 (maar uitgesonderd **[subartikel]** subartikels (5)*(c)* en (6)) en artikels 44, 207 en 208, skriftelik delegeer aan die Direkteur-generaal of enige ander beampte van die Departement van Arbeid.".

**Oorgangsmaatreëls**

**19.** (1) Die *registrateur* moet, binne 180 dae vanaf die inwerkingtreding van *hierdie Wet*, ten opsigte van geregistreerde *vakbonde* en *werkgewersorganisasies* wat nie in hul grondwette vir 'n aangetekende en geheime stemming voorsiening maak nie—

*(a)* met die nasionale ampsdraers van daardie unies of *werkgewersorganisasies* oorleg pleeg oor die mees gepaste manier om die grondwet te wysig om aan artikel 95 te voldoen; en

*(b)* 'n bevel aan daardie *vakbonde* en *werkgewersorganisasies* uitreik oor die tydperk waarbinne die wysiging aan hul grondwet aangebring moet word, ter voldoening aan die prosedures in die gewysigde grondwet uiteengesit.

(2) Totdat 'n geregistreerde *vakbond* of werkgewersorganisasie aan die bevel ingevolge subartikel (1)*(b)* gegee en die vereistes van artikel 95(5)*(p)* en *(q)* van die Wet voldoen, moet die *vakbond* of werkgewersorganisasie, voordat 'n *staking* of *uitsluiting* aangepak word, 'n geheime stemming van lede onderneem.

**Kort titel en inwerkingtreding**

**20.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Arbeidsverhoudinge, 2018, en tree in werking op 'n datum deur die President in die *Staatskoerant* gepubliseer.

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001
Contact Centre Tel: 012-748 6200. eMail: info.egazette@gpw.gov.za
Publications: Tel: (012) 748 6053, 748 6061, 748 6065